higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT

PUBLIEKE ADMINISTRASIE N4

(21010024)

2 Junie 2021 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 6 bladsye.

182Q1J2102

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
PUBLIEKE ADMINISTRASIE N4
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke afdeling op 'n nuwe bladsy.
5. Gebruik slegs 'n swart of blou pen.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.1–1.10) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

1.1 Politieke ampsdraers is amptenare wat verkies is om poste in die regering te beklee.

1.2 Die grondwet maak voorsiening vir 'n demokratiese stelsel en gelyke stemgeleenthede vir alle burgers.

1.3 'n Geografiese gebied kan nie 'n staat genoem word as dit nie 'n permanente regering het nie.

1.4 Die oppergesag van die reg bepaal dat die howe onafhanklik van die wetgewer en die uitvoerende gesag moet funksioneer.

1.5 Dit is die verantwoordelikheid van elke individu om na te gaan of sy/haar naam op die stembrief verskyn.

1.6 Die Nasionale Vergadering moet kwessies en wetsontwerpe bespreek om besluite te neem.

1.7 Die Uitvoerende Komitee monitor die finansiële uitgawes van die munisipaliteit.

1.8 Die kabinet oefen regsprekende gesag uit in Suid-Afrika.

1.9 Die ouditeur-generaal ontvang en ondersoek klagtes rakende die regering of amptenare van die publiek.

1.10 Instrumentele aktiwiteite verwys na die aktiwiteite wat dit vir personeel moontlik maak om hul werk te doen.

(10 × 2) **[20]**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 2

Een van die belangrikste verantwoordelikhede van die regering is om wetgewende gesag uit te oefen. Hierdie wetgewende gesag word op al drie vlakke van die regering uitgeoefen.

2.1 Definieer die term *wetgewende gesag*. (2)

2.2 Dui die instellings aan wat op al DRIE regeringsvlakke betrokke is by die uitoefening van wetgewende gesag. (3 × 2) (6)

2.3 Noem en beskryf kortliks die DRIE regeringsvlakke. (3 × 3) (9)

2.4 Wat verstaan jy onder die term *regering*? (3 × 1) (3)
[20]

TOTAAL AFDELING A: 40

AFDELING B

VRAAG 3

Lees die scenario hier onder en beantwoord die vrae.

In 2018 het baie inwoners betoog vir basiese dienste in hul woongebiede. Munisipaliteite moet vinnig optree om dienste aan die mense te lewer. Die meeste Suid-Afrikaners raak vinnig ongeduldig met die regering omdat hulle nie die dienste lewer wat in die Grondwet gewaarborg is nie. Kiesers wil sien hoe die regering hulle verkiesingsbeloftes nakom en gemeenskappe se lewens verbeter. As demokrasie beteken regering deur die mense vir die mense, moet munisipaliteite platforms skep om gemeenskappe te betrek by kwessies oor dienslewering.

3.1 Munisipaliteite moet vinnig optree en dienste verskaf.

Beskryf die belangrike rol wat munisipaliteite moet speel buiten om dienste te verskaf. (4 × 2) (8)

3.2 Noem SES dienste wat deur munisipaliteite verskaf word. (6 × 1) (6)

3.3 Beskryf die vereistes om te kwalifiseer as 'n kieser. (4 × 2) (8)

3.4 Verduidelik VYF eienskappe van die Grondwet wat aandui dat dit relevant is in die land. (5 × 2) (10)

3.5 Verduidelik wat jy verstaan onder die volgende beginsel van demokrasie: 'Regering deur die mense vir die mense'. (4 × 2) (8)
[40]

VRAAG 4

Lees die scenario hier onder en beantwoord die vrae.

Die president, adjunkpresident en ministers vorm die uitvoerende gesag op nasionale regeringsvlak. Hulle is ook parlementslede. Die ministers word deur die president aangestel as politieke hoofde van nasionale staatsdepartemente. Hulle speel 'n baie belangrike rol in die regering omdat hulle gekies is om die burgers na die algemene verkiesing in ons land te verteenwoordig.

4.1 Waarom is die adjunkpresident se funksie belangrik in die Suid-Afrikaanse regeringstelsel? (4 × 2) (8)

4.2 Die president, adjunkpresident en ministers speel 'n uitvoerende rol in die regering.

Wat verstaan jy onder die *uitvoerende gesag van die regering*? (2)

4.3 Beskryf enige TWEE funksies van 'n minister as die politieke hoof van 'n staatsdepartement. (2 × 2) (4)

4.4 Beskryf die funksies van die parlement om die belangrikheid daarvan binne die regering aan te toon. (6 × 2) (12)

4.5 Beskryf hoe die stemproses tydens 'n algemene verkiesing in ons land verloop. (10 × 1) (10)

4.6 Beskryf die vereistes om te kwalifiseer om 'n lid van die parlement te word. (2 × 2) (4)

[40]

VRAAG 5

5.1 Lees die uittreksel hier onder en beantwoord die vrae.

Die welstand van die samelewing word sterk beïnvloed deur die welstand van individuele burgers en hul gesinne. Sterk gesinne is belangrik vir die verbetering van maatskaplike en ekonomiese ontwikkeling. Die regering moet ook instellings skep om te verseker dat burgers se regte gehandhaaf word. Geregshowe verseker dat die wet altyd toegepas word en beskerm so burgers se regte.

5.1.1 Sterk gesinne is belangrik vir die verbetering van maatskaplike en ekonomiese ontwikkeling

Beskryf die verskillende soorte gesinstrukture. (3 × 3) (6)

5.1.2 Beskryf die belangrike rol wat die openbare beskermer se kantoor speel in die handhawing van burgers se regte. (4 × 2) (8)

5.1.3 Verduidelik hoekom dit belangrik is om hoër howe as geregshowe in Suid-Afrika te vestig. (4 × 2) (8)

5.2 Die Grondwet bepaal dat gemeenskappe wat volgens 'n tradisionele en gewoonte-regstelsel leef mag help bepaal hoe die land bestuur word. Instellings vir tradisionele leiers is op nasionale en provinsiale vlak gevestig en speel 'n belangrike rol in die regering.

5.2.1 Beskryf die samestelling van die Raad van Tradisionele leiers. (4 × 2) (8)

5.2.2 Verduidelik die rol van die Raad van Tradisionele leiers in die Suid-Afrikaanse regeringstelsel. (5 × 2) (10)

[40]

VRAAG 6

6.1 Die stad Kaapstad is die tuiste van die Suid-Afrikaanse parlement. Dit is waar die president die staatsrede lewer. Suid-Afrika het 'n tweekamerparlement (twee huise) wat deur 'n gesamentlike administrasie ondersteun word. Die parlementslede word tydens die verkiesingsproses verkies. Hulle moet verteenwoordigend wees van alle groepe in Suid-Afrika.

6.1.1 Verduidelik wat jy verstaan onder die *staatsrede*. (2)

6.1.2 Noem die TWEE huise van die parlement. (2 × 1) (2)

6.1.3 Beskryf die take wat deur die lede van die parlement uitgevoer word. (4 × 2) (8)

6.1.4 Een van die staatspresident se funksies is om die staatsrede te lewer.

Beskryf SES ander funksies van die staatspresident van Suid-Afrika. (6 × 2) (12)

6.1.5 Verduidelik kortliks wat jy verstaan onder parlementêre bevoegdheid oor provinsiale wette. (4 × 2) (8)

6.2 Beskryf die VIER hoofgroepe funksies wat deur alle staatsinstellings uitgevoer word. (4 × 2) (8)

[40]

TOTAAL AFDELING B: 160
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou